# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL X. WOENSDAG, 9 MAART 1955. No. 2.


# STUDENTERAAD Brei BEHEER OOR FINANSIES UIT

## Nuwe Penningmeester Skets Agtergrond

DIE Studenteraad het op sy eerste vergadering van die jaar 'n voorstel aangeneem wat die wysiging van die stelsel van beheer oor die finansies van die Studenteraad beoog. Weens die onbevredigende boekhouding van die onderliggame van die Studenteraad in die verlede, het dit noodsaaklik geword om hierdie nuwe maatreëls te tref. Die verslag van die vorige penningmeester van die Studenteraad, Mnr. J. H. van Niekerk, het aan die lig gebring dat hierdie onbevredigende toestand veral te wyte is aan nalatigheid, onkunde en onverantwoordelikheid van die penningmeesters van die onderliggame.

Die voorstel wat deur die Studenteraad eenpraig aangeneem is, behels onder meer dat alle uitbetalings voortaan alleen deur die penningmeester van die Studenteraad gedoen sal word. Dit sal die beheer oor die finansies op 'n veiliger basis plaas, aangesien die hele stelsel dan omvorm word, tot 'n stelsel van begroting. Elke klub of onderliggaam begroot jaarliks vir 'n sekere bedrag. Die penningmeester van die Studenteraad sal 'n grootboekrekening vir elke onderliggaam daarop nahou en in sy uitgawes sal elke onderliggaam hom binne die perke van hierdie begroting moet hou.

Die penningmeesters van die onderliggame sal nog vir die bestelling van goedere en vir die gewone boekhouding verantwoordelik wees. Voortaan sal hulle egter alleenlik skulde kan aangaan by wyse van die voorgeskrewe bestelvorms, wat deur die penningmeester van die Studenteraad voltooi moet word .

Gedurende toere sal die verteenwoordiger van die Studenteraad magtiging hê om namens die S.R.-penningmeester op te tree.

▫ ▫ ▫

### REDE VIR WYSIGING

Die huidige penningmeester van die Studenteraad, Mnr. J. D. v.d. Vyver, het twee oorsake genoem waarom die stelsel van beheer oor die finansies gewysig moes word. Eerstens het hy aangevoer dat die penningmeesters van onderliggame dikwels onverantwoordelik en soms ook heeltemal onkundig omtrent boekhouding is. Toe 'n vergadering, verlede jaar vir penningmeesters belê is, was daar net geen belangstelling vir die vergadering nie. Gevolglik het baie penningmeesters in totale onkunde verkeer aangaande sekere sake soos die gebruik van bestelvorms. Nadat die boeke noual reeds vyf maande gelede ge-ouditeer is, het meeste penningmeesters nog nie hulle boeke by die Studenteraadskantoor kom afhaal nie.

Tweedens het Mnr. Van der Vyver gesê dat die stelsel wat in die verlede gebruik is, nog altyd op goedertrou berus het. Aanvanklik was daar geen rede om die studente te wantrou nie, maar sekere voorvalle in die afgelope tyd het daarop gedui dat baie penningmeesters, hoofsaaklik weens nalatigheid, die geld van die Studenteraad op 'n onverantwoordelike manier hanteer. Mnr. Van der Vyver het o.m. gesê: „Die tyd het nou aangebreek dat ons die saak finaal moet oplos. Die Studenteraad mag nie meer vertrou en glo en toelatings maak nie, omdat ons te make het met geld wat nie aan ons as individue behoort nie."



MNR. J. D. v.d. VYVER, nuwe Penningmeester van die Studenteraad.

### PROSEDURE

'n Streng gedissiplineerde prosedure sal in die vervolg toegepas word. Alle saldo's van onderliggame word nou oorgeplaas op die rekening van die Studenteraad. Wanneer 'n onderliggaam goedere wil aankoop, oorhandig die betrokke penningmeester 'n lys van die goedere aan die Studenteraadspenningmeester, wat die nodige bestelvorm sal uitmaak in duplikaatvorm. Alleen met behulp hiervan kan goedere dan bestel word. Die uitbetalings sal daarna deur die Studenteraadspenningmeester gedoen word slegs nadat hy die duplikaat van die bestelvorm en die faktuur of nodige bewysstukke daarmee saam weer terugontvang het. Dan kan die betrokke penningmeester ook die nodige inskrywings in sy boeke doen. Penningmeesters sal dus nog voortdurend boekhou, maar nie meer self uitbetalings doen nie.

Vir items soos seëls en telefoononkoste sal daar voorsiening gemaak word deur die opening van 'n kleinkasrekening wat deur die betrokke penmeester self beheer sal word. Daarvoor sal nogtans ook bewyse getoon moet word.

### Selfaanspreeklikheid

Indien enige penningmeester hom nie streng hou aan die voorgeskrewe reëls nie, sal hy self aanspreeklik gehou word vir die skulde wat deur hom aangegaan is. Dit is dus duidelik dat die Studenteraad voortaan nie meer tevrede gaan wees met iemand se woord nie. Daar word nou 'n streng juridiese prosedure gevolg en iemand wat hom skuldig maak aan oortreding hiervan, sal maar selfaanspreeklikheid moet aanvaar.

Om die saak te vergemaklik, word bepaalde tye vir hierdie werk afgesonder. Mnr. Van der Vyver sal elke Dinsdagmiddag vanaf 2 tot 6 nm. in die Studenteraadskantoor te vinde wees om die bestelvorms te voltooi en die ander sake te behartig. Mnr. Van der Vyver meen dat dit die beste oplossing is om die finansies van die Studenteraad op 'n bevredigende maner te beheer en om 'n bevredigende verslag aan die studente-massa en aan die Senaat voor te lê.

---

**Professore W. P. Robbertse en A. Postma, en Mnr. I. J. Joubert,** is met verlof vir die eerste semester.

---

Daar word verneem dat **Mnr. J. de Kock,** wat verlede jaar Dierkunde gedoseer het, homself op Stellenbosch bevind, waar hy sy studies wens voort te sit.

---

**Prof. Hattingh** en **Prof. Roode** het 'n oorsese toer en waarskynlik ook 'n studiereis net na die halfjaarlikse vakansie in die oog. In prof. Hattingh se plek is **Mej. Schortman** as lektrise in Sielkunde aangestel.

---


Alle berigte in hierdie uitgawe van die „Wapad" is opgestel deur die lede van die redaksie, nagesien en van opskrifte voorsien deur die hoofredakteur, en gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 17, Potchefstroom.

**MOOIRIVIER-APTEEK**

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM


Telefoon 380.

**Die Apteek vir Diens!!**


## WAAR OUD-PUKKE HUL BEVIND


Mej. **A. Viviers** hou op Delport skool, Mej. **Susan Steyn** op Colesberg en Mej. **C. Meyer** op Bethal. Mnr. **Charles Schlessinger** bevind hom op die oomblik waarskynlik in Port Elizabeth, maar na regte is sy werk in Pretoria by die afdeling Ekonomie en Marke. Ook Mej. **Ina van der Walt** werk in Pretoria by die Koringraad.

Mnr. Jan Senekal hou tans skool op Standerton en Mnr. **Piet Pretorius** op Van der Bijlpark. Mej. **Bettie van Eck** is op die personeel van die Oranje Meisieskool, Bloemfontein en Mej. **Kita van Schalkwyk** is op Parys. Mej. **Jeanette Snyman** bevind haar op Viljoenskroon, waar sy haar brood as musiekonderwyseres verdien. Mej. **H. van der Walt** loop glo in Bethulie met 'n propvol beurs rond waar sy skoolhou, orrel- en klavierles gee en dan nog in die kerk ook as orreliste optree. Mejj. **Corrie van der Nest** en **Rona Dippenaar** is in die onderwysberoep op Danieëlskuil en Vrede onderskeidelik.

# Eerste in die wêreld

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Luxe — die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit bied nog groter genot — die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook — geen teken van tongbrand nie.




Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
1/5 vir 20, 3/6 vir 50

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

met die „GOLDEN THROAT"-filter

Spiereg VRFA6


## WENNER VAN ONS BLOKKIESRAAISEL

Mnr. P. Brand van Postmahuis 3, is die wenner van ons Blokkiesraaiselwedstryd en kan in die loop van die volgende paar dae sy 10/6 by die redaksie kom opeis. Van die talle inskrywings wat die redaksie ontvang het, was dit die enigste korrekte antwoorde wat van mnr. Brand ontvang is.

Die korrekte antwoorde is as volg:

**DWARS:** 1. Ontgroen; 7. Allah; 9. Onaar; 10. Edict; 11. Ot; 12. Eks; 15. Eno; 17. Ry; 18. Gelas; 19. Afmat; 20. Algar; 21. Antiroes.

**REGAF:** 2. Nooit; 3. Grawe; 4. Oorsien; 5. Namens; 6. Chataway; 8. Luier; 11. Opgegaar; 13. Koerant; 14. Inlig; 15. Ekstra; 16. Immer; 17. Rotse.

## PRYSVRAAG NO. 2

Geagte Pukke, ons tweede kompetisie bestaan uit 'n reeks algemene vrae. Ons wil die hoop uitspreek dat hierdie kompetisie net soveel byval sal vind as dié een in ons vorige uitgawe. Ons wil u egter net weer aan die reëls van die kompetisie herinner wat as volg is:

1. Alle inskrywings moet vergesel wees van 'n trippens;

2. Die antwoorde op die vrae moet ingevul word in die spasie wat daar hieronder agter elke vraag daarvoor gelaat word, daarna moet dit uitgeknip word uit die „Wapad" en voor 21 Maart aan die redaksie gestuur word;

3. Geeneen van die lede van die Redaksie of die Administrasie mag aan hierdie kompetisie deelneem nie;

4. Indien daar meer as een korrekte antwoord is, sal die prys tussen die wenners gedeel word.

Hier kom die vrae, Pukkies:

1. In watter land is die berg Ararat? Turkye
2. Waarvoor staan die letters U.S.S.R.? Unie van die sosialistiese Sowjet Republi
3. Wie is die komponis van die opera „Il Barbiere dé Sevigliä? ..........
4. Wie is die skilder van die „Vrolike Drinker?" ..........
5. Wie het, na aanleiding van 'n appel wat op sy kop geval het, die wette van swaartekrag gepostuleer? Newton
5. Waar is die eerste twee atoombomme in die afgelope wêreldoorlog gebruik? Nagasaki Hirosjima
7. Is Barium die naam van 'n (a) persoon, (b) bergpiek, (c) chemiese element? Chemiese elemen
8. Wie het die kalender omvorm? Julius Caesar
9. In watter rigting kyk 'n mens as jy by die Suidpool staan? Noord
10. Wie was Samuel Leibowitz? ..........

# Die Wapad

WOENSDAG, 9 MAART 1955

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.



## REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR ...... M. J. Strydom.
ASSISTENT-HOOFREDAKTEURS E. J. Smit.
A. J. Coetzee.
NUUSREDAKTEURS ...... Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg,
Mej. M. M. Malan,
J. T. C. Snyman.
KUNSREDAKTEURS ...... Mej. J. M. T. van der Merwe.
C. D. Roode.
SPORTREDAKTEURS ...... Mej. L. Grobbelaar.
G. N. van den Bergh.
VARIAREDAKTEURS ...... Mej. E. Duvenhage.
S. P. B. Buys.
W. van der Ahee.
SPOTPRENTEKENAAR ...... J. M. Smith.
FOTOGRAAF ...... P. Thiel.

## ADMINISTRASIE

VOORSITTER ......A. S. Hechter.
LEDE ......
Mej. B. Smit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, H. van der Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, H. J. S. Swanepoel.


# „Dra Mekaar se Laste"

„DRA mekaar se laste". Dit is 'n Christelike oproep wat tot ons kom. Die een moet die ander steun en ons moet nie wegkruip daarvoor nie. Ons moet nie te veel vir onsself lewe nie, want dan sal ons nie weet wat die ander se laste is wat ons moet help dra nie. Die Eie Ek moet maar nie te veel op die voorgrond kom nie, solank ons hom ook net nie verdring om plek te maak vir 'n altruïstiese lewenshouding waarin die belange van die ander die een en al is wat tel nie. 'n Ewewigte verhouding tussen egoïsme en altruïsme — dit is wat nagestreef moet word.

„Dra mekaar se laste." Die saak het nog 'n ander kant ook — meer subtiel en sensitief. Dit is die oop gesprek. Iemand kan alleen 'n ander se laste help dra, as hy weet wat die laste is. En meestal is die laste wat die swaarste druk, dié wat die minste sigbaar is — dié wat alleen deur die oop gesprek geken kan word. En saam met die oop gesprek gaan intimiteit. Niemand gaan tog 'n oop gesprek met 'n vreemde voer en die vreemde persoon belas met sy moeilike en intieme probleme nie. Nee, hulle moet mekaar eers goed ken en verstaan.

Ons studentelewe het in die afgelope tientalle jare, en veral die laaste paar jaar, sodanig ontwikkel, dat ons byna vreemdes vir mekaar geword het. Groter gebiedskeiding, groter akademiese skeiding en, les bes, groter skeiding in ons eie studentelewe, het ingetree. Dit kan tog nie anders wees nie. Dit is die proses van ontwikkeling wat, menslik gesproke, onkeerbaar is. Maar daarby poog ons om 'n eenheid te bewaar, 'n eenheid van beginsel, van gees en rigting. En dit is onder hierdie omstandighede juis moeiliker. Die proses van ontwikkeling bring onbewustelik elkeen se indiwiduele belange en ook die belange van groepe in ons studentelewe, sterker na vore; die een wil dit en die ander wil dat; die een wil dit so hê en die ander weer anders — en dan kom die botsing wat pyn bring, wat krenk, waaroor ons liewer stilbly. Dit vorm 'n sweer wat altyd maar groei, want die ontwikkeling gaan voort en dit kan vergiftiging bring, tensy — tensy die sweer oopgesteek word. En die openhartige gesprek bly die beste middel. Op verrassende wyse ontdek ons dan dat daar nog geen verskil van belange was nie. Ons jaag nog altyd dieselfde na. Miskien was die Eie Ek net te veel vertroetel en het ons ons blind gestaar teen ons eie vermeende belang sonder om te kyk of ons die ander se laste kan help dra. Miskien het die ander sy laste weggesteek en versuim om dit aan ons openbaar te maak. Maar so word die spanning tog gebreek en die vrede en eensgesindheid in die lewe herstel.

Laat ons daarom openhartig wees teenoor mekaar en 'n onaangename spanning in ons studentelewe vermy. En laat ons hulpvaardig wees en mekaar se laste help dra om die naam van ons Alma Mater hoog te hou.

E.J.S.

## Oordenking

# Die Liefde van Christus

EFESIëRS 3 : 19 (a) „ . . . EN DIE LIEFDE VAN CHRISTUS TE KEN . . "

IN laboratoriums sal ons, ons verdiep in die kennis van baie dinge. Met nougesetheid sal ons die geheime van die natuur ontsyfer en blootlê. Filosofie sal ons trag om die heelal te deurdring. Boeke sal ons deurwerk in 'n ywerige versameling van kennis. En so mag ons aan die einde van ons Universitêre loopbaan daarin roem dat ons met onderskeiding waarlik ryk is aan kennis.

By die Efésiërs het dit seker ook nie ontbreek aan kennis nie .Tog bid Paulus; „dat hulle instaat kan wees . . om te ken." Daar ontbreek by hulle iets, wat verantwoordelik daarvoor is dat hulle nie meer kan sien: die gebrek aan onderlinge liefde; die wrywing en hoogmoed; weinig geduld; ligsinnigheid in woord en wandel, ens. nie.

Daarom bid Paulus dat die kennis van die volheid van die liefde van Christus hulle deel moet word. Dat die volheid van God ruimte in hul harte mag bring. Dat Sy liefde hulle liefdeloosheid sal breek. Kennis is oorgawe.

Want wie die liefde van Christus ken, kan nie meer onvriendelik, jaloers, opgeblase wees nie. Wie die liefde van Christus ken, handel nie „onwelvoeglik nie; soek nie sy eie belang nie; is nie verbitterd nie; reken die kwaad nie toe nie is nie bly met die ongeregtigheid nie".

Ons mag ryk aan kennis wees en tog arm omdat ons nog niks gedoen het om die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref nie.

Bid, dat ook ons by al die kennis wat ons mag versamel nie onkundig sal bly met betrekking tot die liefde van Christus nie — **liefde wat sig openbaar aan 'n kruis in sy lyde en dood.**

Wat baat dit ons dat ons die wêreld onder 'n mikroskoop plaas maar blind is vir die **liefde van Christus.**

Nou sal ons slegs ten dele ken, maar weet: Eendag ten volle!

L. S. v.d. VYVER.


**Studente . . . !!**

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

Kerkstraat 90 — Telefoon 497

**TURKSTRA BAKKERY**

Raadpleeg ons vir . . .

- BRUIDSKOEKE,
- BROOD

en

- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . !

**SAAMWERK-WINKEL,**

Algemene Handelaars

—Von Wiellighstraat 13,—

ALLE BENODIGDHEDE WORD AANGEBIED.

„Kom ondersteun ons, Pukke!"

**PRESIDENT CAFE**

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS.

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

**Mnr. A. J. J. Sorgdrager** begin op 1 April, 1955, as senior navorsingsbeampte aan die Ekonomiese en Sosiale navorsingsinstituut.

**Mnr. J. J. A. van der Walt,** lektor in Musiek, is onlangs op 'n studiereis oorsee en wel na Keulen, Duitsland.

'n Ander lid van ons personeel, **mej. G. du Plessis,** studeer tans aan die Queens College, London, in die diëetkunde.

**Tussenverkiesing:**

**ALABAMA STUDENTE ORKES:**

Hier is verkies tot penningmeester meneer Hennie Coetsee in die plek van meneer „Spekkie" van der Walt wat bedank het. As addisionele lid in die plek van meneer Hannes Viljoen wat ewe-eens bedank het, is meneer Hennie van der Walt verkies.


**HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.**

**Kerkstraat 166 — Telefoon 1293**

**Potchefstroom.**

Voorradehouers van alle

**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

**KOM SIEN ONS—**

vir al u

- **Fotografiese**

en

- **Aptekersbenodigdhede.**

**GEEN & VELLEMAN**

**Kerkstraat,**


POTCHEFSTROOM.

**I. GLASER—Juwelier**

**NUWE ADRES:**

h/v. KERKSTR. en AUTSLAAN,

**vanaf 1 April.**

## W. I. DUVENHAGE

Mnr. Billy Duvenhage is een van die twee nuwe lede wat onlangs tot die Studenteraad verkies is. Hy is 'n man wat sportbelange op die hart dra en sal as sulks ook baie vir die Sentrale Sportbestuur beteken. Mnr. Duvenhage was in 1953 sekretaris van die Atletiekklub, penningmeester van die Stoeiklub en ook penningmeester van die Ontspanningskomitee. In 1954 was hy penningmeester van die A.S.B., sekretaris van die Krieketklub en die Atletiekklub. Vanjaar dien Mnr. Duvenhage weer eens op die Krieketbestuur en is ook kaptein van die Atletiekklub en sekretaris van die S.S.B. Mnr. Duvenhage is 'n LL.B.-student.


**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- **Wynsoorte**

en

- **Spiritualieë**

**W. J. GROBBELAAR**

**MANS en DAMES-HAARKAPPER.**

**Kerkstraat 97 — Telefoon 330.**

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U VERTEENWOORDIGER VAN

**REMBRANDT**

**Meyerstraat 9 — Telefoon 897**

POTCHEFSTROOM.


# Twee Sinbads Kry Koers

**AANGESIEN dit nou maar eenmaal volgens ons statistieke (1951-sensus) gebruiklik is dat 1.3 Suid-Afrikaners uit elke 3.2 of 'n doktorsgraad besit of Europa besoek het, het ons besluit dat die hele berekening omgedinges sal raak as ons nie ingelyks handel nie. En op 22 Des. 1954 is ons met die „Groote Beer" uit Kaapstad weg. Dit klink doodgewoon om dit so te stel, maar eintlik skuil 'n hele tragedie in dié woorde: om naamlik so oor die relings te hang in 'n seer onkonvensionele posisie, is iets om oor te sidder en die oumense praat net in fluisterstemme daarvan. Gelukkig raak dié klas ding gou vergete — en eintlik was dit net die Kaapse waters wat moles gemaak het. Selfs die Baai van Biskaje het sy Sondagspakkie aangehad. Die reis self moes belewe word om gewaardeer te word.**

Mens raak die bootreis net mooi gewoond as Las Palmas een laat middag uit die see opstaan; stryk by agtuur die aand gaan ons aan wal, toegeswerm deur 'n swetterjoel verkopers van allerlei bedenklike ware. Op 'n stampende, knoffelgegeurde bus kry mens koers na die stad — mits jy hulle geldstelsel kan begryp. Verstaan jy dit nie, ruil hulle 15 Pesetas vir 10/- (terwyl 1 peseta eintlik 2 pennies is) en ken jy dit wel, ry vier mense die ses myl stad toe vir 'n pennie!

Net 'n paar dae na die intermezzo soek die liggies van Susêmptin (soos die Hollanders sê) paadjies deur die „London fog". Die dag daarna is jy in London self; vanaf Waterloo Bridge staan Westminster Abbey en die toring van Big Ben links uit die Theems op — en ver regs, verlore tussen lug en water, dryf die koepel van St. Pauls. Was daar maar kans om breedvoeriger te wees! — Tower of London met sy grys bekoring, Picadilly Circus se neons, Stratford-on-Avon se idillegees.

Na dese kry ons koers na die ou stamland toe — en in Amsterdam bly ons 'n week lank soos vlermuise op 'n solder in geselskap van 'n paar dosyn van Gam se kreasies. In Holland en België maak ons nie net kennis met sneeu nie, maar ook met jeugherberge: daar was drie van dié — elk 'n spesie van sy eie.

Van Brussel trek die pad 'n lang streep deur die groen aarde na Parys. Die bedrywige Métro (die ondergrondste spoorweg) bring jou teen dieselfde tarief net waar jy wil wees: sy dit dan die wit droom van die Sacré — Coeur op Montmartre, die Notre — Dame, die Champs — Elysées en die triomfboog, of die Opéra. Op die trein het elk 'n koerant en 'n brood — dié koop mens per voet. Dit is minstens nog bekende kos: daar was dae toe ons seekatarms met suiers en al geëet het, of perdevleis of slakke (dit was darem in die sop, maar in Brussel eet mens die slibberige, slobberige goed so lewendig!)

Dis in Parys dat ons busbestuurder so aand vir aand die anderding in geraak het. Hy is 'n heer wat snags so twee- drie-uur eers inkom — en dan is dit darem veel gevra om vyf verdiepings na 'n man se kamer te klim: daar was nie 'n hysbak nie. Staan mens nou bo dan hoor jy die gebrom van onder af aangroei, by elke verdieping met meer hartstog en gevoel — en as hy dan eindelik bo land, lê die sleutel onder! Daar was een onvergeetlike aand toe hy weer soos 'n bruisende Visuvius met al meer vuur en lawaai tot bo gekom en oustryk weer afgedaal het; en toe hy nou eindelik, eindelik weer met 'n streep harde woorde bo aanland, toe het hy die verkeerde sleutel!

Vanaf Parys loop die pad oor die Franse Alpe met sy blou vergesigte en wit sneeuvelde na Nice aan die Asuurkus. Vandaar via die Casino van Monte Carlo is ons na Italië; droomwoorde word waar: Santa Margherita, 'n plekkie so mooi as sy naam, Florence, Venesië met sy gondels . . .

Maar net soos 'n opsitkers kry die toer ook end en op 'n dag vaar die gondels met ons hawe toe — die wit „Europa" kry koers onder die speel van ons volkslied. Die Ooskus was 'n ander belewenis. Van Egipte af is dit een warm, interessante, smerige affêre. Selfs by die piramides moet jy ure aaneen luister na die gesanik van die kameeldrywer wat voetbalkommentaar lewer oor sy sterwende vrou en vyf kinders tuis! So tussen dié gelol deur probeer hy jou nog oortuig van die kameel se vaardigheid deur die ding aan die galop te kry: en dan stamp jy darem deur soos 'n fiets in die dae as eerstejaars skaars raak.

Na Egipte is daar nog 'n ry hawens: Aden, Mogadicio, Mombasa, Dar-es-Salaam, Beira — en elk het iets nuuts: in Mogadicio op die mark bv. word die tamaties heel onortodoks skoongemaak deur die verkoper as hy hulle een vir een in sy mond steek en skoon lek! En praat van primitief: daar raak die pad skoon voor jou as jy jou kamera lig om af te neem!

En eindelik dan op 'n more, lê die groen hange van Durban teen die kim. Dis om knop in die keel te kry: want dit, ondanks alles is tuis.

(ANDRé P. BRINK en CHRISTIE ROODE).


**FLEURETTE BLOEMISTE**

**Kerkstraat 91 — Potchefstroom.**

**SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE!!**

**Plaas u bestellings vroeg in die more.**

# Van Studenteraadsweë

'N ADELAARSVLUG oor die eerste twee weke van ons jaar getuig van baie besigheid:

**ONTGROENING.**

Die ontheffingsdinee verlede Saterdagaand was dan die formele afsluiting van dit wat ons in die omgang „ontgroening" wou noem. Die ou-dames en -here ontvang langs hierdie weg die hartelike dank van die S.R., nogmaals, vir die intensiewe belangstelling wat hulle getoon het by die opvoeding van die nuwelinge. Sonder u hulp sou alles dan ook n' onloflike mislukking gewees het. Aan al die persone wat so mildelik bygedra het tot die sukses van die ontheffingsdinee, onder wie mnr. Johan van der Vyver spesiaal vermeld word, gaan ook 'n woord van hartlike dank. Die eerstejaars het baie hard gewerk.

**S.R.-VERKIESINGS.**

In die baie besige tyd wat verby is het baie verkiesings half ongemerk en sonder die gewone belangstelling van stapel geloop. Sonder om hier op besonderhede in te gaan kom ons dan by twee nuwe S.R.-lede uit. Die eerste is mnr. Billy Duvenhage wat nou ook die S.S.B. sal verteenwoordig. Aan mnr. Duvenhage dan ook ons hartelikste gelukwensing weer eens. Op die pasafgelope massavergadering is mnr. Johan van der Vyver gekies tot penningmeester van die S.R. Baie hartlik geluk!

**S.R.-FINANSIES.**

Omdat aan hierdie hoogsgewigtige saak ook op ander plekke in hierdie uitgawe aandag bestee word, noem ons dit hier slegs. Kort nadat mnr. Van der Vyver deur die S.R. gekoöpteer is om behulpsaam te wees met die administrasie van die finansies, is daar op 'n S.R.-vergadering 'n baie gewigtige besluit ten opsigte van ons finansies geneem. Die besluit wat onlangs op 'n massa-vergadering bespreek en toegelig is, is deel van die ideaal van die S.R. om voorsiening te maak vir die groot verandering wat in die praktyk van studentelewe besig is om in te tree. Alles word by die dag groter, soos simbolies beliggaam in ons nuwe studentesaal. Elke volgende S.R. sal dan ook sy dure plig hierin moet nakom.

**S.R.-KOMMISSIES.**

Op die oomblik is daar nie minder as 7 kommissies van die S.R. wat hoogs belangrike navorsingswerk verrig nie. Ons kan onder andere melding maak van die kommissie wat besig is met ondersoek na die moontlikhede van 'n assuransie vir sportmanne aan die universiteit. 'n Ander kommissie werk ewe hard aan die hersiening van ons kleurekontrakte, terwyl 'n ander samewerking verleen by die beter administrasie van die geloofsleerklas. So is ook andere besig om elk op sy eie terrein diens te lewer in belang van ons alma mater.

**ARGIEF.**

Na wat verneem word is mnr. Vos Venter en helpers hard besig om die argief op te knap. Alle eksamenskrywers sal byvoorbeeld met dankbaarheid kennis neem van die beter katalogisering van eksamenvraestelle.

**HULPSEKRETARIS.**

Die S.R. van vanjaar het 'n nuwe beleid gevolg m.b.t. sy sekretariaat. Die hulpsekretaris, mnr. Peet Smit woon alle S.R.-vergaderings by om die sekretaris tot 'n groot hulp te wees. Die S.R., alhoewel nie vergroot nie, maak tog baie prakties gebruik van die kragte wat daar tot sy beskikking is. Die hulppenningmeester sal ook vanjaar met die nuwe skema baie meer tot hulp kan wees as in die verlede. Aan Mnr. Lukas Swart wat mnr. Van der Vyver behulpsaam gaan wees in die administrasie van die finansies, ook ons hartelike gelukwensing, en ook baie sterkte met die aanvaarding van die groter verantwoordelikheid.

**BROSJURE-EKSAMEN.**

Die S.R. het op sy laaste vergadering die hele saak i.v.m. die genoemde eksamen verwys na die kommissie wat hard besig is om die brosjureboek te hersien. Mnr. Jackie Strydom sal dan die invigilator wees vir ons komende brosjuretyd.

**ALGEMEEN.**

Ons kan op hierdie stadium slegs melding maak van die baie ander sake wat die S.R. op hom wil neem voor die einde van sy ampstermyn. Hieronder sal D.V. val die verhandeling van die onnodige klaviere wat taamlik in die pad staan, die beredderring van die wanbehandeling van uitrusting deur sportklubs, die reglementering van die inlywing van eerstejaars op grond van ervaring van „die eerste week," ondersoek na die optrede van studente wat nie onder die S.R.-konstitusie val nie (i.v.m. toerspanne). 'n Ander gewigtige saak wat uitgewerk sal moet word, is die ‚verkiesingskontrole" of die onmoontlikheid daarvan. Dit is duidelik dat daar oor die algemeen 'n baie besige jaar wag in alle opsigte.

Die S.R. sou studente daarop wou wys dat alle aansoeke om gebruik van die studentesaal skriftelik moet geskied. Vir die organiseer van aansoeke ruim dit baie moeilikhede uit die weg. Dit blyk dat daar steeds meer en meer aansoeke kom, ook van instansies buite die universiteit.

**LOOCK**
**Kleremakers**
**Calderbanksgebou,**
**Kerkstraat 102 — Telefoon 855**
**POTCHEFSTROOM.**



## VAN DIE REDAKSIE

Ons Huis 25,
P.U. vir C.H.O.
9 Maart 1955.

Geagte P.U.-studente,

Soos u sal opmerk, bied die redaksie aan u hierdie week 'n splinternuwe „Wapad", nuut in seker elke moontlike opsig. In die eerste plek vind u dat die grootte van die „Wapad" verklein is. Ons het gevoel dat indien ons die „Wapad" tot hierdie grootte verklein, dit beter hanteerbaar sal wees en ook op die oog af 'n beter indruk sal skep.

In die tweede plek het ons ook 'n nuwe blok laat maak van die titel van die blad. Ook dit, hoop ons, sal by u byval vind en ook meer kleur aan ons koerantjie verleen.

Dit dan wat betref die verandering wat die Wapad ondergaan het. Graag sou ons egter u opinie hieroor ook wil aanhoor en die redaksie wag briewe van kritiek, byval, e.d.m. gretiglik in. Laat ons van julle hoor Pukke, en moet nie nalaat om die redaksie van gesonde wenke te voorsien nie.

Verder wil die redaksie 'n besondere woord van verwelkoming rig aan Mnre. Pelser, Visser, Roode en Brink wat so pas teruggekeer het van hulle oorsese toere. In hierdie uitgawe verskyn alreeds 'n artikel oor die indrukke van laasgenoemde twee persone en in ons volgende uitgawe sal mnr. Piet Pelser vir ons iets meer meedeel aangaande die toer wat hy en Mnr. Visser onderneem het.

Sterkte in al julle moeilike werksaamhede, Pukkies.

M. J. STRYDOM,
Hoofredakteur.

★

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**

**vir alle**

**SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.**

★

**Langs hierdie weg wil ons graag ons innige meegevoel aan Mej. Susan Jordaan betoon. Sy het onlangs haar moeder deur die dood moes afgee. Ons wil haar Gods rykste genade en vertroosting toebid.**

## Planne vir Gradedag.

Gradedag vind plaas op die Olën-Sportterrein op 26 Maart, 1955. Die verrigtinge sal om 10 vm. 'n aanvang neem. By dié geleentheid sal dr. Jan Steyn, L.V. vir Potchefstroom, 'n redevoering hou. Die kantoor wil die Graduandi daarop wys dat toegang **voor** 9.45 vm. op vertoon van hul uitnodigingskaart, verleen sal word.

Die Olën-Sportterrein is gekies omdat die Grandteater nie genoeg akkomodasie bied nie. Afgesien van beperkinge op besoekers, is gevoel dat studente so 'n plegtigheid moet bywoon vir die atmosfeer en die ondervinding. ('n Spesiale pawiljoen sal vir die doel ingerig word).

Daar sal ongeveer 260 grade toegeken word deur ons nuwe kanselier, Dr. F. J. du Toit. 'n Ere-doktorsgraad in die Opvoedkunde sal aan prof. dr. J. Warink toegeken word. Hy is die Rector Magnificus van die Vrye Universiteit, Amsterdam. Indien hy nie self teenwoordig kan wees nie, sal sy verteenwoordiger die graad namens hom ontvang.

**UNIE BAKKERYE**
**Posbus 244 — Foon 167 en 1086.**
**BROOD, KOEK en PASTEITJIES.**
**Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.**
**TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.**
**Kerkstraat 38, Potchefstroom.**
**Spoorwegstraat, Klerksdorp**

**NOORDBRUG**
**Kontantwinkel**
(Eienaar: A. G. Botha).
**LANGS N.B.-POSKANTOOR**
**Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes lekkers, sigarette en Toiletware.**

**Groenpunt-Kafee**
**Von Wiellighstraat,**
vir:
**Vars, Smaaklike VRUGTE en GROENTE.**

**DAVY ROBERTSON ATELJEES**
**Vir die mooiste PORTRETTE en RAME**

DRINK en GENIET . . . . . .

S & S
Super Dilla
en
Super Orange

●

Sherr & Shakinovsky
AUTOLAAN,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 16.

---

Vir bevredigende diens . . . . !
besoek

DIE LOKALE HAARKAPPERS
KING'S HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 158 — Telefoon 902.
POTCHEFSTROOM.
Eienaar: P. W. Taljaard.

---

BLITZ!...
DROOGSKOONMAKERS.

●

Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

---


DIE BULT SKAATSBAAN

„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"

Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.

---

OOSTHUIZEN
Kole-agentskap.
Kerkstraat 70 — Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.



W. F. STEENKAMP

Mnr. W. F. Steenkamp is op die onlangse tussenverkiesings verkies tot voorsitter van die A.S.B. hier plaaslik in die plek van Mnr. D. F. Erasmus wat bedank het. Voor sy verkiesing tot voorsitter van hierdie vereniging, was mnr. Steenkamp addisionele lid van die bestuur en het ook verder die S.S.B. op die Studenteraad ververteenwoordig. As gevolg van sy verkiesing moes Mnr. Steenkamp bedank as S.R.-verteenwoordiger vanaf die S.S.B. omdat hy outomaties as A.S.B.-voorsitter, sitting op die Studenteraad het. Mnr. W. I. Duvenhage is dan ook in sy plek as S.S.B.-verteenwoordiger verkies.

Mnr. Steenkamp het in die afgelope paar jaar op die volgende bestûre gedien: 1953: Organiseerder van die A.S.B. te Potchefstroom; 1954: Sekretaris, A.S.B., lid van die Vreugdedagbestuur, Onderkaptein Bofbalklub, addisionele lid Atletiekklub, sekretaris Studenteraad; 1955: Voorsitter A.S.B., Leier Vreugdedag, ondervoorsitter S.S.B., kaptein Bofbalklub.

---

Ou Sky het sy Hudson verkoop. Omdat hy nou 'n „Stoker" het, gaan hy vir hom 'n steenkoolwa aanskaf.




## Puik Kamermusiekkonsert

DIE konsert op Saterdagaand, 19 Februarie, het nie die verwagtings wat gekoester is, teleurgestel nie. Inteendeel, alle musiekliefhebbers het die aand terdeë geniet.

Die eerste klavierkwartet, nl. dié van Beethoven, het al vir die luisteraars getoon dat dié vormsoort heeltemal in hul smaak val. Die vier instrumentaliste, Arthur Wegelin (viool) Anna Tichauer (altviool), Eugenie Premyslav (tjello) en Pieter de Villiers (klavier), het mekaar in die tweede beweging gevind, sodat hulle tegnies moeilike lopies met gemak kon uitvoer. Die innemende klein rondo het ons saam met hulle geniet.

Karinie van der Merwe het hierna bekoor deur haar suiwer voordrag. Veral die Aria van Haydn het sy met 'n frisheid en fyn aanvoeling voorgedra.

Die klavierkwartet van Mozart het gevolg. Die grasieuse tweede beweging het 'n pragtige kontras met die laaste vinnige beweging gevorm. Veral in laasgenoemde het die vier spelers weer mekaar goed aangevoel, en saam die klimaks bereik.

### VYF SANGJUWEELTJIES

Vyf sangjuweeltjies het gevolg waarin die begaafde jong sangeressie vyf stemmingsoomblikke uitgebeeld het. Die fyn smaak en sensitiwiteit wat sy in haar voordrag geopenbaar het, het haar suiwer, soet toonkwaliteit ten beste vertoon.

In die moeilike slotwerk van die Brahmskwartet het die vier lede van die kwartet getoon waartoe hulle in staat is. Hier kon ons ook beter sien wat die vermoë van die bekwame tjelliste is. Die strykers het soms gekombineer om 'n stryktrio te vorm. Ritmies moeilike dele het hulle meesterlik uitgevoer. Mnr. de Villiers aan die klavier het weer getoon met watter besonder fyn afwerking hy voordra.

Potchefstroom was bevoorreg om so 'n hoogstaande groep kunstenaars te kon aanhoor in 'n werklik puik program, en sien uit na 'n „herverskyning."

---

Proff. G. T. S. Eiselen en F. J. Labuschagne bereik albei vanjaar hul 60-jarige ouderdom. Hulle is egter deur die Raad vir 'n verdere vyf jaar benoem.

* * *

Op 18 Maart lewer prof. dr. S. P. van der Walt sy intreerede as professor in Apologetiek en Etiek, in die Gereformeerde kerkgebou, Potchefstroom-Noord.

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

---

Vir . . . .
VIS, ERTAPPELS,
VERVERSINGS, ens. . . .
WELKOM KAFEE.
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM.
Dis u kafee, Studente!

---

EXCELSIOR MEUBELS
Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"
Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.
ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

# Nuwe Kanselier Lewer Intreerede

**OP Vrydagaand, 18 Februarie, is die offisiële opening van die Universiteit waargeneem deur die nuwe kanselier van die P.U. vir C.H.O. By hierdie geleentheid het Dr. Frans du Toit ook sy intreerede gehou. Die plegtigheid is deur 'n besonder groot aantal belangstellendes bygewoon. Onder meer is mev. du Toit, eggenote van die Kanselier, ook opgemerk.**

Nadat die prosessie van professore en dosente die saal binnegekom het, is die verrigtinge geopen deur skriflesing en gebed wat waargeneem is deur die voorsitter van die Raad. Ds. H. J. R. du Plessis. Hierna het die Vise-kanselier en Rektor, Prof. J. Chr. Coetzee, die nuwe Kanselier aan die aanwesiges voorgestel. In 'n kort lewensskets het Prof. Coetzee daarop gewys dat Dr. du Toit hom op ekonomiese gebied in die buiteland sowel as in Suid-Afrika, besonder onderskei het. Verlede jaar is dan ook die Doktorsgraad in Ekonomie, Honoris Causa, van hierdie Universiteit aan Dr. du Toit toegeken. Hierna is Dr. du Toit as Kanselier ingestel. Die registrateur, Mnr. S. du Toit, broer van die Kanselier, het sy toga vir hom omgehang.

**„AG HOMSELF NIE WAARDIG"**

Hierna het die Kanselier sy rede gelewer. Hy het begin deur te verwys na die vorige twee Kanseliers van die Universiteit, nl. Dr. J. D. du Toit (Totius) en Prof. J. van Rooy, en vervolgens verklaar dat hy homself nie waardig ag om hulle op te volg nie. In die res van sy toespraak het hy op die noodsaaklikheid van die behoorlike opleiding en toerusting van toekomstige sakemanne van die toekoms gewys. Hy het ook verklaar dat dit alleen nie voldoende is nie, maar dat karaktervorming noodsaaklik is, en dat die P.U. vir C.H.O. in dié verband 'n heel besondere taak het. Ook die Teologiese Skool moet hierby aansluit.

Die Rektor het daartoe oorgegaan om enkele aankondigings te doen i.v.m. nuwe personeellede, personeellede wat met verlof is, ens. Hy het die skatting gedoen dat die studentetal vanjaar op 1,300 sal staan. Daar is vanjaar 360 eerstejaarstudente. Ten laaste het Prof. Coetzee sy waardering teenoor die Universiteit Witwatersrand uitgespreek wat altyd so welwillend belangstel in die Universiteit, en wat by hierdie geleentheid Prof. C. M. van den Heever as verteenwoordiger gestuur het om hulle goeie wense oor te dra.

Ten slotte het Prof. S. du Toit namens die rektor van die Teologiese skool, Prof. Jooste wat nie aanwesig kon wees nie, aankondigings gedoen i.v.m. die Teologiese Skool, en die verrigtinge met gebed afgesluit. Hierna is die gaste gesellig onthaal voor die hoofgebou.

**Tussenverkiesing:**

**ATLETIEK:**

Van hierdie klub is mnr. Billie Duvenhage verkies tot kaptein in die plek van mnr. Cristo Steyn. Hy is ook S.S.B.-sekretaris in die plek van mnr. Ferdi Botha e nverder verteenwoordiger van die S.S.B. op die S.R.

**JUKSKEI:**

Mnr. P. J. Steyn, voorheen sekretaris-penningmeester van die betrokke klub, is in die plek van mnr. Botha Olivier tot kaptein verkies. Die pos sekretaris-penningmeester word tans deur mnr. A. J. (Proppie) Coetsee gevul. As addisionele lid in die plek van mnr. Proppie Coetsee, is verkies mnr. Blignaut.

**WESTVAAL**
**Studente !!!**
**VIR KWALITEIT**
**DROOGSKOONMAAK**
**STUUR NA**
**WESTVAAL**

# *Nuwe Studenteliedjies*

## MY HART IS IN PUKLAND

My hart is in Pukland,
My hart is steeds daar.
My hart is in Pukland,
waar ek ook al vaar
Daar soen ek die nooientjies
Daar onder die maan.
My hart is in Pukland
Waar ek ookal gaan.

* * *

## OU POTCHEFSTROOM

Ou Potchefstroom, jou mooie, jou dorp aan ere ryk
Aan Mooirivier se walle, geen an'dre jou gelyk.
Met vrolike studente, aan wysheid swaar geleer.
Maar druk die akademie,
Nog blink blou ogies teer (2).

En as die son saans ondergaan, die dag se lig verkwyn,
Dan sleep ons net 'n nooitjie fyn,
En alle sorg verdwyn.
Wil sy jou nie 'n soen gee, daar onder die maanskyn,
Dan drink ons net 'n glasie wyn
Tog blink blou ogies rein (2).

* * *

## PUK-STUDENTE

Puk-studente laat ons weer stap
Deur die strate en die landskap.
Klink ons strydkreet as ons saamstap,
Voorwaarts, almal nou!
Laat ons Alma-mater luid klink.
Laat ons vlag se goud en wit blink.
Voor die son se strale wegsink,
Voorwaarts, almal nou!
Luister hoe ons lied vry
oor die vlaktes weggly;
Skemerlug stuur eggo's t'rug,
Wat deur die aandwind deursny.
Puk-studente laat ons weer stap -
Deur die strate en die landskap
Klink ons strydkreet as ons saamstap,
Voorwaarts, almal nou!

## HET JUL GEHOOR

Het jul gehoor van die Voetbalspan
wat vandag die louere gaan wegdra?
Dit is die span wat sal wys hul kan
die naam hoog hou van die P.U.K.
Luister hoe ons hul naam vereer,
Hul lofsing, dit is Theos.
Kom kyk na hulle as jul iets wil leer
van hoe voetbal reg gespeel word.

* * *

## HIER OP OU P.U.

(The echo told me a Lie).

Ons dink, ons drink, rinkink
hier op ou P.U.
P.U.
Ons ly, ons vry, ons bly
hier op ou P.U.
P.U.
Ons is studente, werk vir ons rente,
maar in die lente
gaan dit nie swaar,
want dan's die nooientjies
steeds op ons toontjies
deel van ons loontjies
en dis nie so naar.

* * *

## OPDRAANDE PAD

Puk gee die Oukies opdraande pad
met groot gemak.
Daar gaan die Pukke alweer
En julle is te sleg om te keer
sleg om te keer, o, ja!

Ons is jul bobaas, jul grootbaas
en sommer net jul baas, (3)
Ons is jul bobaas, jul grootbaas
en sommer net jul baas,
net jul baas.


Puk gee die Oukies opdraande pad
Puk gee die Oukies opdrande pad
met groot gemak.
Daar gaan die Pukke alweer
En julle is te sleg om te keer
sleg om te keer
O, ja!!!

**S. & S.**
**SOWDEN and STODDARD**
KERKSTREET — POTCHEFSTROOM.
FOR YOUR
FURNITURE AND HOUSEHOLD APPLIANCES NEEDS.
Trade-ins accepted! — Eeasy terms arranged!

**S.A.N.L.A.M.**
Word verteenwoordig deur
**MNR. VENTER,**
Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

*Beyers Claassens*
FOTOGRAWE — Nou ook te Kerkstraat 84 - - - Foon 455
Kom Kyk na ons Uitstalling van KAMERAS

## VREUGDEDAGVLOT 1953



Een van die dae is dit weer Vreugdedag. Op bostaande foto verskyn een van die vlotte van 1953-Vreugdedag. Pukke, julle moet nou hard begin planne beraam vir die groot dag en alreeds dink aan idees vir die bou van vlotte.


**J. P. van der WALT APTEEK**

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**SONSKYN KAFEE**

Tomstraat — Potchefstroom,

vir u

**Sigarette • Lekkers Koeldranke**

en ander verversings, asook

SNOOKER.

Uitstekende diens!

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

• OOGKUNDIGE.

• Brilspesialiteit.

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depot: CARLZEIS-JENA.

**W. A. VENTER**

HORLOSIEMAKER • JUWELIER.

KERKSTRAAT 152, POTCHEFSTROOM.

•

VERLOOFRINGE

•

MAKLIKE TERME . . . . . . . GEEN DEPOSITO.

Alle soorte Reparasies! Alle werk gewaarborg!


# 'n Oorsig oor die Inlywing van die Eerstejaars

**VIR drie weke lank het die eerstejaars van ons Universiteit 'n deeglike program van kennismaking met die Universiteit, die studentelewe en die studente deurgemaak. Dat sommige dinge daarvan by hulle darem sal inslaan, sal die kroon op die werk en onvermoeide ywer van die Studenteraad en vral die Dagbestuur wees, wat vir drie weke lank hulle onverdeelde aandag gewy het aan die „opvoeding" van die nuwelinge.**

Die „hoogtepunte" van hierdie tydperk was vernaamlik die vrugtefees, die konsert en die ontheffingsgeselligheid. Die vrugtefees was tot 'n mate 'n sukses — behalwe vir die vrugte. Dit was egter 'n goeie geleentheid vir die ou-dames en -ou-here om vir die eerste keer na die vakansie weer gesellig bymekaar te kom. Daarna het die strate weergalm van die vrolike gesing van die studente.

### SIMPATIEKE GEHOOR?

Die eerstejaarskonsert was minder suksesvol. Slegs hier en daar kon daar iets van 'n nuwe talent gesien word, alhoewel almal hulle bes probeer het om die aandag te trek. Die reaksie van die simpatieke gehoor het duidelik die gehalte van die items weerspieël.

### ONTHEFFINGSGESELLIGHEID

Die ontheffingsgeselligheid was sonder twyfel 'n groot sukses en alle lof kom die geselligheidskomitee toe vir hulle harde werk. Die heildronk op die eerstejaars is ingestel deur Prof. J. Chris Coetzee, wat dit nie 'n eer geag het nie. Andries Eyssel het namens die eerstejaars paslik hierop geantwoord. Dit was daarna vir Mnr. S. du Toit 'n besondere voorreg om die heildronk op die ou-dames en ou-here in te stel, waarop Mnr. Flippie Snyman geantwoord het. Drie items van uitstaande gehalte is gelewer, nl. 'n viool-solo deur Mej. Erica Oberendörfer, 'n voordrag deur Mnr. Julius du Toit en 'n sangsolo deur Mej. Magriet Deyssel. Mnr. Johan v.d. Vyver het as seremoniemeester op bekwame wyse gesorg dat alles glad verloop en dat daar 'n gesellige atmosfeer heers.

Met vrymoedigheid kan gesê word dat vanjaar se eerstejaars die beste inlywingsprogram tot dusver deurloop het. Daar was vanjaar besondere geleenthede daartoe, wat deur die Studenteraad op die beste manier gebruik is. Miskien was daar ook vanjaar 'n besondere Studenteraad wat so 'n intensiewe program kon volhou, waarvoor hulle die lof en dank van die studentemassa verdien. Ons hoop egter dat hierdie eerstejaars hulle voorregte sal waardeer en ook met volle ywer hulle dienste aan die studentelewe sal lewer.

## PUKKE „BACK HOME"

Sommer 'n hele paar van die Pukke was die afgelope vakansie oorsee. Ons wil Mnre. Jan Visser en Piet Pelser hartlik terug verwelkom hier in ons studentegeledere. Ook aan Mnr. Christi Roode en André Brink 'n woord van hartlike verwelkoming. Ons hoop hulle het almal hulle toere terdeë geniet.

## NUWE S.R.-PENNINGMEESTER

Die onlangse verkiesing van Mnr. Johan van der Vyver tot penningmeester van die Studenteraad, het gekom as 'n welverdiende bevordering. Na die bedanking van Mnr. J. H. van Niekerk, is Mnr .Van der Vyver deur die Studenteraad as penningmeester gekoöpteer en het reeds tydens die week wat hy as sulks geageer het, getoon waartoe hy in staat is. Dit is ook grotendeels aan sy invloed te danke dat die nuwe finansiële reëlings van die Studenteraad aangeneem is. (Sien die hoofberig in verband hiermee). Mnr. Van der Vyver het in die afgelope paar jaar op talle besture gedien waarvan die volgende die belangrikste is: In 1953 was hy voorsitter van die Werkvoorsieningsburo, in 1954 penningmeester van die Geselligheidskomitee, voorsitter van die Ekonomiese vereniging, P.U.-afgevaardigde na die A.S.B.-kongres; vanjaar is hy Voorsitter van die Geselligheidskomitee, penningmeester van die A.B.K.K. en nou ook penningmeester van die Studenteraad. Mnr. Van der Vyver het verlede jaar die B.A.-graad in die regte behaal en is tans in sy eerste LL.B.-studiejaar.


**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**

Von Wiellighstraat 20,

VIR ALLE

KRUIDENIERSWARE,

HARDEWARE,

SIGARETTE, ens.

**J. HEIDEMA**

Vir

FIETSE

en

MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**

Kerkstraat 30,
(teenoor Geref. Kerk.)
POTCHEFSTROOM.

# Knock-Knock

Knock-knock
Who's there?
Jan.
Jan who?
Ja-nee, hy's toe terug.

* * *

Knock-knock
Who's there?
Marieta.
Marieta who?
Ma read-tha letta.

* * *

Knock-knock
Who's there?
Hadés.
Hadés who?
Ha, des mos nou begrawe né!

* * *

Knock-knock
Who's there?
Concerto.
Concerto who?
Kon Gjert nie iets anders gedoen het nie? (Verloof aan Anita Brits).

* * *

Knock-knock
Who's there?
Watkin.
Watkin who?
Wat kin he do?!

* * *

Knock-knock
Who's there?
Bella.
Bella who?
Bel ha', man!

# Is daar 'n Verskil ?

Wat is die verskil tussen . . .
. . . 'n olifant en 'n teepot.
Geen verskil — nie een kan spring nie.

. . . chemie en grieks.
Geen verskil — albei is grieks.

. . . seepsoda en verwaandheid.
Geen verskil — albei word swaar gesluk.

. . . 'n „case" en 'n boot.
Geen verskil — albei kan strand.

. . . 'n student en 'n hamer.
Geen verskil — albei is agter die spyker.

. . . 'n dame en 'n eksamen.
Geen verskil — albei maak 'n man moedeloos.

. . . 'n wolf en 'n rak.
Geen verskil — dames is bang vir albei.

. . . 'n verkiesing en kos.
Geen verskil — albei word gekook.

. . . 'n boom en 'n boom.
Groot verskil — een is groter as die ander.

# "Die Wapad" se Fliekprogram vir Eerste Kwartaal

Koos du Pl. — „Crimson Pirate"
Tokkelok — „Walk a Crooked Mile"
Junie V. — „African Queen."
Campbell — „Dial M for Murder."
Piet du P. — „Black Magic"
Stoney — „Black Horse Canyon"
Jan V. — „Snows of Kilimanjaro".
P. G. L. v.d. W. — „Ghost of Hidden Valley."
Koot V. — „Cry, the Beloved Country."
Ons Huis — „House of Wax"
Vleuel — „Where no Vultures Fly".
Die Rooiduiwel — Creature from the Black Lagoon".
Studentedroom — „Money from Home".
Sleeptyd — „The Greatest Show on Earth."
Goldrush — „Two Weeks of Love."

## Jongste Publikasies

Peet Styn: „Uit Oerwoud en Vlakte".
Ben v.d. Walt: „I rest my Claims."
Eerstejaars: „Les Misérables."
Emmarentia Coetzee: „Lights Out".
J. Roets: „Fortunes and Misfortunes."
Annalene du Plessis: „Lorna Doone."

## APOLOGIE

**Graag wil ons apologie aanteken teenoor Mnr. Zulu Snyman en Mej. Christa du Preez. In die vorige uitgawe van „Die Wapad" is verkeerdelik bekendgemaak dat hulle getroud is. Die regte stand van sake is dat Mnr. Zulu Snyman in die eg verbind is met Mej. Linsa Smith en Mej. Christa du Preez met Mnr. Piet Oelofse. Aan albei hierdie pare baie, baie geluk en voorspoed deur die toekoms.**

## Pythagoras Doen Nou Naaldwerk

Daar word verneem dat die ou Fisika-laboratorium nou as naaldwerksentrum gebruik word. Te oordeel na die figure en allerhande goeters, is alles daar al in volle gang.

## Nuwe Sangsterre

**Gert v.d. Bergh:** „His Master's Voice."
**Dick Hauptfleisch:** „Bella Figlia Maai Fienger."
**Peet Duvenhage:** „Crazy 'bout ya Baby."
**Jack Strydom:** „Seven Lonely Days."
**Flip Snyman:** „Kisses on Paper."
**Louw v.d. Vyver:** „Try me one more time."
**Annette Vorster:** „Ek stoor my liefde net vir jou."
**Piet van Wyk:** „Lover, Come Back to Me."
**Piet Pelser:** „The Last Time I saw Paris."
**Gert Bester:** „Wedding Bells."
**Charl Jooste:** „Oh, Mine Papa."
**Tokkelok v.d. Walt:** „Boemtjie, boemtjie."
**Theresse v.d. Merwe:** „The Merry Widow."
**Johan Buys:** „Today is the Happiest Day of my life."
**Dore:** „Nonne-koor."
**Kulu:** „Ring, Telephone, Ring.

## „KYS"-VOOR WAG

Dit wil voorkom asof die inwoners van die „Hotel Cachet" groot planne koester vir die nabye toekoms. Onder die bekwame leiding van die ouhere en lyding van die eerstejaars, is die „kys"-voor voor Dawie du Plessis met sorg skoongemaak.

## EK SOEK 'N MAAT

**LEKTRISE OP DAWIE du P.**

Applikant moet musiektalent besit en kan aanpas by jong dame wat musiek vir ontspanning neem. Moet nie navraag doen na haar verlede nie. Moet klein genoeg wees om saam met haar onder een sambreel te loop — in sonskyn of reën.

## VOORBEREIDING VIR „GOLD-RUSH"

**Daar is ywerig voorbereidings getref vir die komende „Gold Rush" toe 'n klompie ou-here en die eerstejaars die visdam by die Heimat-kompleks met sorg skoongemaak het. Die ouhere het daarop aangedring dat hulle darem 'n slykvrye afkoelingsproses verlang. Ons kyk met belangstelling uit wie die eerste gevallene sal wees!**

## DIE OU-OU STORIE

Skoon en onbevlek het die nuwe jaar, 1955 op die P.U.-gronde verskyn. Almal was in spanning. Wat sou die hoërskole van die land vanjaar vir ons oplewer? Die drake was ounuus — elke jaar maar net dieselfde! Maar hoë verwagtings is gekoester ten opsigte van die dore. Ons was nie teleurgesteld nie, glo my.

Vir Peet Duvenhage het ons met spanning dopgehou nadat hy die eerste simptome van „Goldrush-fever" begin toon het en — nouja; Peet Duvenhage het die wedloop van die jaar gebuit in die rekordtyd van 22 uur 11 minute 22 sekondes! Vra net vir hom hoe gaan dit met Christine!


**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**
LANGS WELKOM-KAFEE.
Besoek ons vir betroubare werk en spoed!
**FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.**

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
DIE STUDENTEBEDIENERS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.
**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

**A. T. LUKE & KIE.**
**APTEKERS**
Vir al u . . .
- Mediese en skoonheidsbenodigdhede

sowel as

- Radio en Elektriese Benodigdhede,
- Kiekies ontwikkel en afdruk.

**Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39**

Vir VARS VIS en AARTAPPELSKYFIES
Besoek —
**VERONICA VISWINKEL**
Lombardstr. 29 — Potchefstroom.

**Schoonhoven Haarkappers**
„Dames en Here Studente! . . . . "
Hier is die ardes van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:
Foon 1486. Eienaar: G. SCHOONHOVEN.

# Nuwe Talent onder die Watermense

## Swemklub beoog groot dringe

**NA die ondervinding wat die Swemklub verlede Desember tydens die Inter-universitêre swemtoernooi te Stellenbosch opgedoen het, is hulle nie van plan om gras onder hulle voete te laat groei nie.**

In 'n onderhoud met die kaptein en kapteine, mnr. Jan Bester en mej. Marina Scheepers, het dit geblyk dat die Swemklub groot dinge vir vanjaar in die oog het. Alreeds het die dames die eerstejaars onder hulle te water gelaat en Marina belowe ons dat benewens sulke staatmakers soos Leonie Heslinga, Ansa Bingle, Petro van der Walt, Hester van Niekerk, Elsie Breedt en andere, daar nog baie ontluikende talent onder die dames te vinde is wat net op goeie afrigting wag.

Nuwe talent onder die mans is te vinde in die oud-Wits-Normaal swemmer Dick Daly wat alreeds getoon het dat hy sy man kan staan op die kort afstande. W. Kroeze blyk ook 'n baie belowende borsslagswemmer te wees.

Ongelukkig sal die nuwe talent nie dadelik deeglik uitgetoes kan word nie. Voorgenome galas teen Normaal moes afgestel word aangesien die Normaliete as gevolg van die Polio verbied is om te swem.

### GALA-VOORUITSIGTE

Op die onlangse Inter-universitêre toernooi het Wits hulle bereid verklaar om teen ons waterpolo te kan speel op uitnodiging. Ook is onderhandelings in swang om 'n wedstryd teen die pantserafdeling van die militêre kamp te reël.

Die swemklub sukkel op die oomblik nog met oefentye en hoop dat die Raad so 'n bietjie meer tyd aan hulle sal toestaan vir die gebruik van die swembad.



**WILLIE NEL. Mnr. Willie Nel, oud-Atletiekkaptein, -S.S.B.-voorsitter en -Studenteraadslid, het sommer groot planne vir hierdie jaar. Hy is tans hard aan die oefen vir die 100-treë en 220-treë-wedlope en het sy oog op Springbokkleure wanneer 'n Engelse span vanjaar na die Unie kom.**

DAMESHOKKIE

# Ou-Dames wen 6—0

**BY die hokkie was daar net sprake van een span en die ou-dames het gewen met 6—0. Die dore kon slegs twee keer tot op die vyf-en-twintig deurdring. Soos van ouds was Selma v. Schouwenburg die ster, en sy het 4 doele geskiet. Onder die dore was nie een uitstaande nie en dit sal harde werk kos om van hulle 'n span te maak.**


Die dameshokkieklub beoog groot dinge vanjaar wat ondersteun word deur die feit dat mev. Pat du Plessis, Springbokkapteine, ons een of twee keer in 'n maand sal kom afrig. Onder haar leiding het daar baie omwentelinge in Wes-Transvaal gekom wat die hokkie op 'n baie hoër peil geplaas het. Ons sal slegs drie spanne vir die liga kan inskryf alhoewel daar vier spanne is. Die rede daarvoor is dat ons slegs een baan het en al die beginners en laer spanne verwaarloos word en die entoesiasme dus afneem met die loop van die jaar.

Ons hoop egter dat ons nie te sleg sal vaar nie omdat ons nog twee ou Wes-Transvaal-speelsters het, nl. Therese v.d. Merwe en S. v. Schouwenburg.

# TWEE HOKKIE-KAPTEINS



**MEJ. THERESE VAN DER MERWE, kapteine van die Dameshokkieklub. Na ons verneem, gaan die dames vanjaar sommer 'n sterk span in die veld stoot. Verder skyn dit asof die Dames-klub vanjaar ook oor vier spanne sal beskik. Hierdie klub het ook alreeds met oefeninge begin.**



**PIET VAN WYK, kaptein van die Manshokkiespan. Volgens Piet is die kanse van die Manshokkiespan in die liga vanjaar, weer eens baie rooskleurig. Die Manshokkiespan begin hulle eerste ernstige oefeninge volgende Maandag.**

## NAELSKRAAPSE OORWINNING VIR OU-DAMES

In die korfbalwedstryd het net twee eerstejaars effens die oog gevang — Casper Venter op verdediging en Stefanie du Plooy by die doele. Dit was nie 'n opwindende wedstryd nie en die ou-dames het naelskraap gewen met 8—4.

Ongelukkig het nie veel lede van verlede jaar se korfbalspan oorgebly nie en van die vyf Wes-Transvaal-speelsters is slegs juf. Lidie Bekker, kapteine, nog in ons midde. Op die oomblik lyk dit egter of daar baie nuwe lede aangesluit het en daar sal vier spanne in die veld gestoot word. Daar word egter nog rondgeval omdat daar geen afrigter beskikbaar is nie, alhoewel daar verskeie persone genader is.

**Tussenverkiesing:**

**KORFBAL:**

Tot o/kapt. is verkies mej. Edna Kruger. As sekretaresse in die plek van mej. E. Kruger is verkies mej. M. M. Oosthuizen.

**SWEM:**

In hierdie jong klub is mnr. J. O. Bester as kaptein aangewys in die plek van mnr. Ferdi Botha wat tans 'n onderwyser in Germiston is. As addisionele lid, is gekies mnr. C. R. de W. Venter.

**CORNER FRUIT STORE**

vir al u

- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

Bekend van weë sy

UITSTEKENDE DIENS!!

**QUEEN'S HOTEL**

**. . . . . vir al u dinees!**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

Pukke, daar is geen beter plek wat betref diens!

**J. TOD SUTTIE.**

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 65 — Potchefstroom